

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 169
(Augustus 1982)

Koninkryk en Heerlikheid

Laat U koninkryk kom.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

God is Koning!

Toe ons nog klein was, het ons aan die persoon se lippe gehang wat vir ons 'n verhaal vertel het van 'n dapper koning, 'n avontuurlustige prins en 'n mooi en nederige prinses. Dit het ons geroer.

Die wonderlikheid het met jou gepraat.

Vandag kan ons as kind in geloof glo in 'n ewige Koning wat alle mag het in die hemel en op die aarde. 'n Koning regeer mos in 'n koninkryk. Ons Here Jesus laat ons bid:

LAAT U KONINKRYK KOM.

Hoekom moet ons nou die bede in die pragtige gebed wat Christus ons in die *Onse Vader* geleer het, bid?

Die koninkryk van God het mos gekom met die koms van die Koning. Hoor net hoe juig die profeet Sagaria, gesterk deur die Gees van God:

"Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig, en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin." (Sagaria 9:9)

Maar toe die stem van die profeet Sagaria in vervulling gegaan het, het die mense dit nie verstaan nie. Nie eers die dissipels het dit verstaan nie. Johannes skryf oor die Here Jesus se intog in Jerusalem op die vul van 'n eselin in hoofstuk 12:16: "Dit het sy dissipels egter eers nie verstaan nie; maar nadat Jesus verheerlik is, toe het dit hulle bygeval dat hierdie dinge van Hom geskrywe was en dat hulle dit aan Hom gedoen het."

Die sondeval het gekom omdat die mens soos God wou wees, deur goed en kwaad te ken.

Jesus is Koning!

So juig Gods Woord.

Hoekom nog bid: Laat U Koninkryk kom?

Kom ons verduidelik: Nadat God sy skeppingswerk voltooi het, was Gods koninkryk in heerlijkheid: "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en — dit was baie goed."

God was koning oor alles. Sy heerlijkheid was die hele skepping vol. Adam sê: "Ek het U geruis gehoor in die tuin" (Gen. 3:10). Maar na die sondeval het die mens teen God in opstand gekom. Die sondeval het gekom omdat die mens soos God wou wees deur goed en kwaad te ken (Gen. 3:5). Die mens wou nie net die goeie nie. Dog die mens kon die kwaad nie beheers nie. Die kwaad het die mens begin beheers. Tog was Gods koninkryk nog 'n koninkryk van mag. Selfs die heidense heerser van Babel, Nebukadnesar, het bely: ". . . en my verstand het in my teruggekeer, en ek het die Allerhoogste geloof en Hom wat ewig lewe, geprys en geëer, wie se heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is."

Johannes die Doper preek in baie duidelike taal: "Die koninkryk van God het naby julle gekom" (Luk. 10:9).

As verlose mens wat in die Here Jesus glo en Hom as "Jesus, die Christus, die Seun van die lewende God" (Mat. 16:16) bely, leef ons in die koninkryk van Gods genade, wat selfs sy son oor die goddelose laat opgaan en ook oor hulle reën gebied. Maar die Koninkryk wat in Jesus Christus se verlossing gegrond is, word straks in sy

Die Koninkryk word straks in Jesus se wederkoms weer 'n koninkryk van heerlikheid.

wederkoms weer 'n koninkryk van heerlikheid, wanneer God alles in elkeen sal wees. Kom ons bid dan: "Laat U Koninkryk kom." Daar staan mos ook geskrywe:

"Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid."

God is 'n ewige Koning!

Ds. Andries H. Mulder

ONDERWORPE AAN GODS REGERING

Wat is u einddoel in die lewe? Ja, dit is van ons bestemming waarvan ons praat. Daar is net twee moontlikhede:

Of God, of Satan. Ons glo in God of nie. Dan is Satan die alternatief.

As ons burgers en burgeresse is van die koninkryk van God, dan sal ons die regering van God deur Sy wil in ons lewens soek.

*Soos enige koning
regeer God - deur sy
Woord. Sy Woord is
wet.*

'n Koning regeer mos in sy koninkryk. Sy wil geskied. Tog moet ons ook maar bely dat ons so dikwels die goeie wil doen, en dit dan nalaat. Ons weet wat is reg en verkeerd, en die verkeerde lei ons so dikwels met diepe ingryping in ons lewens. Ons wil so graag ons wil afdwing op mense op ons pad. Dink maar net hoe reageer kinders in opstand teen hulle ouers en tog behaag dit God om ons ouers oor ons te laat regeer.

"Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg," skryf Paulus in Efesiërs 6:1.

Solank as ons as ouers in die Here staan, kan ons van ons kinders gehoorsaamheid verwag. Dan beteken dit dat God ons regeer deur sy Woord. Ons gehoorsaam Gods Woord.

Maar ons beur soos ons kinders weg van die ouers en weg van God. Dit beteken net onderweg na Satan.

Nou sal u vra: Maar hoe regeer God ons dan?

Soos enige koning regeer God — deur sy Woord.

Sy Woord is wet,

Hoor net hoe pragtig onderwerp koning Dawid hom aan die koningskap van God:

*"Aan U, Here, kom toe die grootheid en die
mag en die heerlikheid en die roem en die
majesteit, ja, alles in hemel en op aarde; aan
U, Here, kom toe die koningskap en die
selfverhoging as HOOF oor alles."*

(I Kron. 29:11)

Daarom sê Sondag 28 van die Heidelbergse Kategismus: Regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp.

Hierdie woorde laat ons 'n slag na onself kyk. God moet deur sy Gees ons lei om God se wil te soek en van harte te doen. God moet ten volle beslag lê op my hart en my ganse menswees. Hoe langer hoe meer. Dit dui op geestelike groei in my. Johannes die Doper stel dit in woorde dat Christus moet meer word en hy (Johannes) al minder.

Ons het 'n bouse en opstandige natuur in ons. Maar deur innige gebed-smeking kan ons deur die krag van die Heilige Gees onself hoe langer hoe meer aflê. Hoe meer ons onself aflê, hoe meer groei ons in God. Daar is sekerlik nie 'n groter kruis in die lewe as wanneer my wil bots met die wil van God nie.

En om God as HOOF oor alles te bely, soos Dawid, moet God ook oor my regeer. Daarom moet ons bid dat God ons gewillig sal maak om ons aan Hom te onderwerp. So alleen kan ons Paulus se gebed tot diensbereidheid deel van ons lewe maak: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (Hand. 9:6). Ons moet nie van God altyd ver en vreemd dink nie. Hy is hier om ons en by ons en deur sy Heilige Gees in ons, en weet dat om Satan te oorwin het Hy Christus in ons plek laat sterf.

God en Satan? Laat ons Psalm 73:10 van harte nasing:

*"U wat my regterhand gevat het,
Vir wie'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u Raad,
O God, my Hulp, my Toeverlaat,
En na die dag van aardse stryd,
My opneem in u heerlijkheid."*

Ds. Andries H. Mulder

Bewaar en Vermeerder U Kerk.

In die tweede bede van die Onse Vader bid ons onder andere dat God sy kerk op aarde moet *bewaar*. Die woordjie *bewaar* hou tog in ons idioom die gedagte in:

- van êrens toesluit;
- dit veilig neersit;
- dit daar los;
- dit lê rustig en veilig.

Ja, sê nou net dit gebeur dat jy 'n kosbare skat of juweel ontvang, of iemand vra jou om iets kosbaars van hom te bewaar. . .

Jy gaan sluit dit dadelik toe . . . maak seker dat dit veilig is. Só 'n kosbaarheid kan dan vir baie jare lê en oud word, en tog vermeerder dit in waarde. Maar ... ja, maar dit bly slegs één — dit word nie meer nie.

En weet u — as ons nou bid; Here, bewaar U kerk . . . dan beteken dit *nie*: Dat God Sy kerk in 'n glaskas opsluit sodat dit daar in veiligheid lê vir andere om hulle aan te vergaap nie. Dit kán tog nie!

- Die oues sal sterf.
- Geen jonges sal bykom nie. . . Ja, die kerk sal dan gou-gou doodloop!

Daarom beteken die bewaar van die kerk: Dat God Sy kerk (wat lewende stene is) bewaar teen struikeling van sonde, van vernietiging, van afval en uitsterwing. God roep ons *in* die wêreld — alhoewel ons nie *van* die wêreld is nie. En in hierdie wêreld bewaar God Sy kerk. Want sonder God...? Onmoontlik; verlore; vernietig; dood!

En hoe nodig het die kerk dit nie? Hy moet getuig, sy roeping vervul, die Woord van verlossing in Jesus Christus verkondig. . .

En dit in 'n vyandige, satansge vulde, emosioneel-koue wêreld. Dis egter die heerlike geloofskrag wat straal uit die genade in Jesus Christus — dat ons deur God bewaar word.

VERMEERDER

Maar God bewaar nie net Sy kerk nie — Hy laat dit ook vermeerder. Met verlange smag ons na die heerlike wederkoms van Christus as die getal van die uitverkorenes vol sal wees.

God sluit nie sy kerk in 'n glaskas toe sodat dit daar in veiligheid lê vir andere om hulle aan te vergaap nie.

En hierdie getal kan alleen vol word deur die genade van God — as Hy Sy kerk bewaar, ja... Maar ook as Hy Sy kerk vermeerder deur die roepingsvervulling van Sy kinders. En dis die heerlike roeping en opdrag van elke gelowige! Om God se Woord te verkondig.

Maar nou moet die kerk ook waak. Hy mag nie net ter wille van getalle, mense van hulle kerke afrokkel nie. Die kerk mag nie teer op die kerk nie. Nee, hy het 'n roeping van evangelisasie en sending; hy moet hulle wat God in Jesus Christus nié ken nie die heerlike boodskap laat hoor:

Bekeer julle; Glo in Jesus Christus; Dis die

enigste grond vir ons saligheid.

DAAROM

So bewaar God hulle wat Hom ken. . .

maar vermeerder Hy Sy kerk deur die Woord te laat verkondig aan hulle wat Hom nié ken nie.

Bewaar en vermeerder . . . in die heerlike, vreugdevolle wete:

- Gód doen dit;
- In Sy hand is ons veilig.

Veilig op pad na 'n heerlike toekoms van ewige saligheid.

Daarom móét ons vir die kerk bid. . .

- bid dat God Sy kerk sal bewaar;
- bid dat God Sy kerk sal laat vermeerder.

Dan word ons aktiewe medewerkers in die koms van die ewige Koninkryk van die ewige en enigste Koning:

JESUS CHRISTUS

Ds. Nico Ligthelm

DIE DUIWEL WERK

KEN HOM

Wie weet wie die duiwel is, sal deeglik onder die indruk kom van hoe gevaarlik hy is. Hy bestaan werklik en hy werk hard — veral aan die kind van God!

WAT DOEN HY?

As 'n mens sien wat hy alles probeer doen (en hul dikwels regkry), is dit meer as die moeite werd om met alles wat jy het, weerstand teen hom te bied.

- Hy word genoem „die god van hierdie wêreld" wat die verstand van die ongelowiges *verblind*, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie (2 Kor. 4:4). Die satan is die teëstander van God en daarom sal hy probeer om jou weg te hou van die Woord van God af.
- Die satan *hits* jou aan en *verlei* jou subtiel daartoe om te sondig (I Kron. 21:1). Op 'n baie planmatige en doelgerigte manier sal hy jou op 'n slinkse wyse 'n behae in die sonde laat skep.
- Die duiwel ken nie die waarheid nie. Hy opereer slegs met die *leuen*. Trouens: Hy is die vader van die leuen (Joh. 8:44). Hy sal homself verander in 'n engel van die lig (2 Kor. 11:14).
- Die uiteindelijke doel van die satan met elke mens is om hom in die *ewige verderf* te stort. Dit is presies wat hy met die leuen by Adam en Eva in die paradys probeer doen het. Christus ontmasker hom as die mensemoordenaar van die begin af (Joh. 8:44). Deur middel van sy onderdane, die bose geeste in die lug, sal hy geen steen onaangeroer laat om ons te laat kantel nie.

Iemand wat dink dat hy selfs in die geringste mate immuun is teen die aanslae van die duiwel, maak 'n groot fout! Ons vorm 'n belangrike prooi vir die satan. Hy loop rond soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind (I Pet. 5:8).

Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie!

BIED WEERSTAND

Dit spreek dus vanself dat jy moet weerstand bied teen die aanslae wat die duiwel op jou maak. Ons moet hom teëwerk.

Hoe doen 'n mens dit? Die Bybel sê op verskeie plekke wat jou te doen staan — veral op 'n positiewe en konstruktiewe manier.

- Onthou julle van elke vorm van kwaad (I Thess. 5:22).
- Hang die goeie aan en bedink wat goed is voor alle mense.
- Moet niemand kwaad vir kwaad vergeld nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.
- Moenie rusies maak nie, maar lewe in vrede met alle mense (Rom. 12).

EN TOG!

Al probeer ek hoe hard, in my eie krag sal ek nooit opgewasse wees teen die satan nie. Hy is te sterk vir my en sa! my om elke hoek en draai 'n neerlaag toedien.

MAAR: Christus was sterker as die satan. Hy het hom elke keer oorwin in die woestyn. En soos 'n bliksem het Hy hom uit die hemel sien val.

Die satan is oorwin! En wanneer ons waarlik in Christus glo, is ons saam met Hom oorwinnaars oor die Satan.

Ja, in Christus is ons meer as oorwinnaars!

Ds. André Grove

*Christus is sterker as die Satan. Soos 'n bliksem het
Hy hom uit die hemel sien val*

GOD IN ALLES

EN ALMAL

Van die begin van die wêreld af, en in alles wat gebeur, word die geskiedenis bepaal deur een groot saak: Die koms van die Koninkryk van God.

Alle wêreldgebeure — groot en klein — is diensbaar hieraan. Die hele geskiedenis stuur hierop af: Die finale koms van die Koninkryk van God.

Pas na die sondeval vind ons die eerste profesie hieromtrent — Genesis 3:15. Die Messias sal kom om die Koninkryk van God op die aarde te vestig.

In die hele Ou Testament leef dié verwagting: Die Messias is aan die kom!

En in die volheid van die tyd verskyn Christus in die vlees en verkondig dat die Koninkryk gekom het.

In die Nuwe Testament het ons te doen met die verdere uitbreiding en ontplooiing van die Koninkryk oor die hele wêreld — ten spyte van al Satan se pogings om dit te verhinder — vind ons ook die behoefte van die uiteindelijke finale openbaring van die Koningskap van Jesus Christus met sy wederkoms.

Oor die aanwesigheid van die Koninkryk van God in hierdie wêreld kan daar nie twyfel bestaan nie:

- die bestaan van sy Kerk in elke wêrelddeel is genoeg aanduiding daarvan;
- in feitlik elke taal word dit verkondig;
- sy Woord weerklink in elke land;
- die Bybel is steeds die mees gelese boek ter wêreld;
- en oral is daar onderdane van die Koning wat in Hom glo en uit Hom lewe.

En die heerlikste bewys van die bestaan van die Koninkryk van God is die koms van Jesus Christus, die Koning, na die aarde toe. Hy het gekom om die mag van Satan — die owerste oor die wêreld — te kom breek en om sy eie koningskap op aarde te proklameer.

Nou mag ons God dank vir die Koninkryk wat reeds daar is, vir die oorwinning van Jesus Christus oor die mag van die Bose.

Nou mag ons weet dat ons in ons aardse lewe reeds burgerskap mag ontvang van die Koninkryk, dat ons Koning ons beskerm en onderhou en dat niks ons uit sy hand kan ruk nie.

Maar juis omdat die Koninkryk nog nie in sy volkomenheid geopenbaar is nie, moet ons ook vurig en dringend bid: "Laat u Koninkryk kom."

Want met toenemende felheid poog die Satan wanhopig om dit te verhinder. Hy probeer alles moontlik om sy heerskappy weer op te bou. Hy werp alles in die stryd om die deurwerking van God se Ryk te verhinder.

Hy het met alle mag gepoog om die eerste koms van Christus ongedaan te maak, en hy sit die stryd nou nog voort om te verhoed dat God se Ryk in sy volkomenheid sal kom.

Maar in hierdie stryd en teenoor die listige taktiek van Satan, het ons van God die magtige wapen van die gebed ontvang. En in die besonder dié bede:

"Laat u Koninkryk kom."

Daar is geen magtiger wapen nie. Want so voer ons die stryd nie in eie krag nie, maar in die krag van God.

En deur die almag van God is ons sekere verwagting dan gerig op dié oomblik wanneer

Jesus Christus, ons Koning, al sy vyande finaal sal onderwerp, en wanneer sy Koningskap onbelemmerd geopenbaar sal word oor die ganse skepping.

Dan sal die ryk van die duisternis in sy geheel vernietig wees.

Dan sal elke knie voor Hom buig en elke tong sy Naam bely.

Dan sal die volmaakte kennis van God in die harte van sy uitverkorenes bestaan.

Dan sal die ewige vrede nie meer deur wanklanke van die sonde versteur word nie.

Dan sal elkeen volkome deur God se Woord en Gees geregeer word.

Kortom: God sal alles in almal wees!

So word die Ryk van God in sy volkommenheid vervul.

Daarvoor moet ons bid, en daarna moet ons met gespanne verwagting uitsien — na dié dag wanneer God al die tranes van die oë sal afvee, wanneer daar geen dood en droefheid en geweens en moeite meer sal wees nie, omdat God Self by ons sal woon (Openb. 21:3, 4).

Ds. Pieter van der Walt